
# DEUTERONOMIUM



# Inhoudsopgawe

Inhoudsopgawe .......... 2
God is getrou: Jy moet vertrou .......... 3
Versoekings in die woestyn .......... 4
Seën en straf .......... 6
Ek wil soos 'n koning leef .......... 8

## God is getrou: Jy moet vertrou

Ek wil dat julle onthou:
God was altyd getrou,
dis óns wat moet berou. (Num 1:19)

God het gesê: Trek die land in,
Ek het beloof dit is julle sin.
Deur My krag sal julle oorwin. (Num 1:21-25)

Die verspieders het uitgegaan:
"Ons kan hulle nie verslaan –
Hulle is soos reuse, moet jy verstaan!" (Num 1:26-28)

Onthou, ek het julle toe gevra:
Het God ons nie tot hier gedra?
Ons moet net in vertroue Sy hulp vra! (Num 1:29-33)

God het ons gestraf soos ons verdien:
"Nie een van hierdie geslag sal die land sien.
Miskien sal julle in veertig jaar leer, miskien…" (Num 1:34-36)

Julle was moedswillig en ongehoorsaam.
Werk, van nou af, as God se volk saam
en eer Sy groot en heilige Naam. (Deut 4:5-7)

Julle probleem was ongeloof –
Leer nou: Glo wat God beloof.
Julle moet Hom in vetroue loof.

Julle staan nou hier op die rand
van die lank beloofde land.
Vetrou hierdie keer God se hand! (Deut 4:30-40)

Jy, liewe leser, moet ook onthou:
God is en bly nog altyd getrou,
Jy moet jou ongehoorsaamheid berou.

Jy staan ook nou op die rand
van die lank beloofde land.
Neem in vetroue God se hand!

Ja, val in eerbetoon voor Hom neer,
gee buigend die magtige Skepper alle eer.
Jubel van harte tot eer van die Heer. (Ps 95:1-2)

## Versoekings in die woestyn

Moses:
Die Here het jou veertig jaar gelei
om jou daarmee nederig te kry.
Hy het dit gebruik as toets vir jou
om te sien of jy Sy gebooie sou hou. (Deut 8:2).

God:
Die Gees het Jesus na die woestyn gelei.
om moeg en honger die Satan te kry.
Ek het dit gebruik as toets vir Hom
anders kom die hele mensdom om… (Mat 1:1-2)

Moses:
God het jou laat swaarkry
en jou laat honger ly.
Hy wou jou daarmee leer
selfs brood kom van die Heer. (Deut 8:3).

God:
In My Seun se hongersnood
Sê Satan: "Maak klippe brood…"
" 'n Mens kan nie net van brood leef,
maar van die Woord wat God geef!" (Mat 4:3-5)

Moses:
Jou klere het nie eens verslyt.
Geen geswelde voete in dié tyd.
So het jou Vader, Heer,
jou dissipline geleer. (Deut 8:4-5)

God:
"Spring in vertroue af", het Satan gevra.
"Engele sal jou mos op hul hande dra…"
"Wat ook in die Woord staan moet ek vertel:
Jy mag jou God nie so op die proef stel!"

Moses:
As jy hierdie land en rykdom kry
moet jy hoogmoedigheid vermy.
Ek, jou God het jou uit slawerny bevry -
die krag vir die oorwinning kom van My! (Deut 8:10-18)

God:
"As jy my aanbid en buig voor my"
het Satan gesê, "kan jy al die koninkryke kry."

“Wat jy ook in Sy Woord moet sien:
Jy mag net God alleen dien!”

Moses:
Wat jy ook uit dié tyd moet sien
is dat jy glad nie die land verdien.
Jy het heeltyd hardkoppig geraak
God gee dit vir jou al is jy nie volmaak. (Deut 9:4-6)

God:
Wat jý ook in jou woestyntyd moet sien,
is dat jy nie die ewige lewe verdien!
Wat jý in My Woord moet sien:
My Seun het dit vir jou verdien! (Heb 2:18)

## Seën en straf

As jy luister na die Here jou God
en jy is gehoorsaam aan Sy gebod,
sal daar seën
oor jou reën… (Deut 28:1-2, 12)

Jy sal kry meer as jou deel
wanneer jou diere teel. (Deut 28:4)
Geseënd is wat jy aanpak
Graanskure sal jy vol kan pak. (Deut 28: 8)

Al kom jou vyande in getal
hulle sal voor jou val. (Deut 28:7)
Al die volke sal weet
dat jy God's volk heet. (Deut 28:10)

As jy nie luister na die Here jou God
en ongehoorsaam is aan Sy gebod
dan moet jy besef,
Sy straf gaan jou tref! (Deut 28:15)

Opbrengs moet jy nie soek –
daarop rus 'n vloek.
Rus moet jy nie soek –
ook daar rus 'n vloek. (Deut 28:16-19)

Peste en plae
kom in dié dae. (Deut 28:21)
Stof en roet sal reën
in plaas van My seën. (Deut 28:24)

As jou vyande kom in getal
sal jou lyke voor hulle val. (Deut 28:25-26)
Die Here sal jou tref met kranksinnigheid,
waansin, tering, koors en blindheid. (Deut 28:22, 28:27-29)

Jy sal 'n huis bou, maar nie daarin woon.
Jy sal wingerde aanlê sonder loon. (Deut 28:30)
Ek gee vir jou vyand jou beeste en kleinvee.
en sal jou kinders vir 'n vreemde volk gee. (Deut 28:31-32)

Let op die goedheid en strengheid van God:
Hy straf die wat afvallig is teen Sy gebod,
maar sien Sy goedheid oor jou
want jy is aan Hom getrou. (Rom 11:22)

Jy moet volhardend bly vertrou
dat God Sy beloftes sal hou:
Wie vrygespreek is omdat hy glo
sal vir ewig lewe saam met Hom daarbo. (Heb 10:35-39)

## Ek wil soos ‘n koning leef

In hierdie nuwe jaar wil ek streef
om net soos ‘n koning te leef!
O God is dit te veel gevra,
is ek nou net voor op die wa?

My seun, weet jy wat ek van ‘n koning vra?
Kan jy daardie verantwoordelikhede dra?
Is jy seker dis wat jy begeer?
Kom laat ek jou hieroor leer:

Jy mag nie baie perde aanhou,
perde gee mos militêre mag,
dan gaan jy dink dis jou eie krag
en jy gaan nie meer op my vertrou. (Deut 17:16)

Jy mag nie van ongelowige vrouens hou
en ook nie met baie vrouens trou
anders word jy aan My ontrou. (Deut 17:15, 17)

Silwer en goud moet jy nie vergaar
en dan begin om jou rykdom te meet,
want dis dan wat jy van my vergeet
en jou onafhanklik van My verklaar. (Deut 17:17)

Jy moet die afsrkif van my wetboek lees,
want so werk ek in jou deur My Gees.
So sal die koning voorspoed kry
in gehoorsaamheid aan My. (Deut 17:18-20)

Al die konings op aarde het gefaal
met die uitsondering van Een
en dit was My geliefde Seun,
wat vir hulle moes kom betaal.

O God, ek het nie verstaan
waaroor dit werklik gaan.
Dis nie ‘n koning wat ek wil wees,
nee, gee my asseblief U Gees.

Help my om die jaar net op U te vertrou.
Bewaar my van versoekings en ontrou.
Laat my besittings tot nut van ander wees
en laat ek U Woord gereeld bly lees.